

DIE BULT APTEEK

Tel. 5943

ONS VERWELKOM
ALLE EERSTEJARS
HARTELIK OP DIE
BULT

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXIII

NOMMER 1

27 JANUARIE 1978



DIE BULT APTEEK

TEL 5943

SKOONHEIDSMIDDELS
REVLON
INNOXA
YARDLEY
HELENA RUBENSTEIN

vir al u
WITJASSE EN
DISSEKSIESTELLE

Welkom Eerstejaars – Rektor

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het so pas meer as 'n duisend nuwe studente gekry. Professor Tjaart van der Walt rig 'n spesiale woord van welkom tot hulle:

Hartlik welkom, nuwe Pukstudent!

Jy het 'n wyse stap gedoen toe jy destyds besluit het om Puk te word.

Jy het lank van hierdie dag gedroom. En nou is jy hier.

Die deure staan vir jou

oop. Word een van ons: 'n Puk in hart en siel.

Die wêreld van môre vergesenuwees van staal en murg in die pype. Raakvat en vasvat. Koershou en aanhou.

Pukstudent-wees is 'n uitmuntende leerskool om met

durf die toekoms tegemoet te kan tree. Benut elke geleentheid ten volle. Veral akademies, ja – maar ook voluit in die studentelewe.

Jou medestudente sal jou brei, jou slyp, jou skaaf, jou vyl, jou rasper – en jou nie 'n

sent vir hulle kostelike dienste vra nie.

Die pad vorentoe is styl. Maar dis dubbel en dwars die moeite werd.

Wakker jong Christen-Afrikaners kan – en sal – bo uitkom.

SSR-VOORSITTER WENS DIE NUWELINGE STERKTE TOE

Theuns Eloff, voorsitter van die Sentrale Studenteraad, is bekend vir sy goeie raad, veral aan eerstejaars.

Sy verwelkomingsboodskap lui:

So 'n stuk of twaalf, dertien jaar gelede, het ietwat oor 'n duisend kinders vir die eerste keer skool toe gegaan. Vandag is daardie kinders jongmense wat vanoor die hele land vir die eerste keer universiteit toe kom, maar dan nie sommer "universiteit toe" nie: PUK toe!

Die PUK verwelkom julle met ope arms. Die redes vir julle koms hierheen is baie verskillend, maar julle het dit in gemeen dat julle die PUK gekies het vir hoër onderwys: meer nog, vir christelike hoër onderwys. Daarom nog hartliker welkom aan die P.U. vir C.H.O.


Julle is primêr hier vir hoër onderwys – die eerste keer wat jy selfstandig en eiehandig wetenskap kan beoefen, en jou kan voorberei vir jou latere loopbaan. Laat hierdie feit altyd vasstaan en voorrang geniet. Te veel studente dink die universiteit is daar vir 'n "lekker tyd" of, helaas, om 'n man te soek. Dis te verstaan dat die staat se subsidie van 'n paar duisend rand vir elke student, nie eintlik hiervoor bedoel is nie.

Aan die ander kant kan jy kosteloos en voluit ook die voorreg van die volle studentelewe geniet; vanaf koshuisvergaderings tot Intervarsity en Karnaval. Gooi ook hier jou gewig in – dit is die moeite werd en ondervinding wat nie met geld gekoop kan word nie. Dit kan elke Puk wat 'n Intervarsity oorwinning beleef of onder Tomstraat se akkerbone gesleep het, jou vertel.

Ten slotte, 'n paar gedagtes oor 'n baie aktuele saak, naamlik oriëntering. Van my kant af net dit: geniet

veral dit ten volle: duisende Pukke voor jou het dit deurgemaak en ten goede anderkant uitgekom. En as dit op 'n stadium vir jou maar benard lyk, hou kop en byt vas.

Die Puk het jou nodig!
Nog 'n keer welkom en sterkte!



Theuns Eloff

Spesiale dienste vir Studente

Studente aan die Puk kry sedert verlede jaar spesiale studente voordele wat 'n mediese dokter op die kampus, afslagpryse en inligtingsdienste insluit.

Hoewel die volledige nuwe stelsel eers dié jaar in werking sal tree is daar al plekke wat spesiale afslag vir studente gee. Dié plekke is Harold's Pats Motors en TX Paneelkloppers.

By Harold's Pat's Motors word daar 'n afslag van 15 persent op onderdele van enige fabrikaat toegestaan. 'n Korting van vyf persent word op alle Motors toegestaan. Hulle dryf net handel met Volkswagens en Datsuns.

Arbeidskoste van 'n smeardiens word met 'n rand verlaag tot R1,50. Daar sal slegs 'n wins van 10 persent op die kosprys van olie gehef word. Die normale arbeidskoste word met 10 persent gesny en die korting van 15 persent geld ook vir alle onderdele van enige herstelwerk gehef.

Studente wat aan die stelsel deelneem hoef net een

rand in plaas van R1,50 te betaal om hulle motors deur 'n wasoutomaat te laat was en poleer. Vir elke R20 se petrolaankope sal die koper ook geregtig wees op 'n gratis was en politoer.

TX Paneelkloppers sal alle paneelklopwerk teen afslagpryse aan studente toestaan. Kwotasies sal ook gratis gedoen word.

Voordat studente van die spesiale dienste gebruik kan maak, moet hulle eers 'n kenteken op sy motor plak. Die kentekens is by die SSR-kantoor beskikbaar.

Die kenteken word in die motor se ruit geplak en moet onder die petroljoggie se aandag gebring word. Studente moet ook sorg dat hulle kontantstrokies kry wat later getoon kan word vir 'n gratis motorwas en politoer.

Nog 'n belangrike diens wat vanjaar gerealiseer word is die kampus-mediese diens.

Dié nuwe diens stel nou 'n dokter binne die bereik van elke Puk.

Die gesondheidspan is bereid om alle grade van siekwees en seerkry te hanteer: van neerslagtigheid en eksamenolikhed tot gebreke leedemate. Die span sal die vereiste noodbehandeling toepas en indien nodig na die regte kanale verwys vir verdere behandeling.

Die Kampus-mediese diens, KMD, stel ook 'n sportgeneesheerdiens beskikbaar vir beserings wat studente mag opdoen tydens georganiseerde sportaktiwiteite van die Universiteit.

Die spreekkamers is geleë in die Farmakologievleuel van die nuwe gebou vir Biologiese Wetenskappe.

Volledige inligting oor die hele studentediens en die KMD word in die volgende Wapad beskikbaar gestel.



Prof. Tjaart van der Walt



BARCLAYS NASIONAAL SE
SPESIALE
STUDENTEAANBOD
LOS FINANSIELE
PROBLEME OP

DIE BULT
TEL 4241

BARCLAYS KONDIG AAN 'N SPESIALE PLAN VIR STUDENTE



PIETER
MYBURGH
"Ek nooi u uit om met my te kom gesels in verband met die studie-leningsplan."

- STUDIE LENINGS teen minder as halfprys. Ons leen jou geld om jou studies te voltooi en jy begin eers terug betaal ná jy graad gevang het.
- 'N TJEKBOEK maak dinge makliker. Ons sal jou een gee teen verminderde bankkoste.
- 'N SPAARREKENING om jou sakgeld veilig te bewaar en waaruit jy daagliks mag onttrek en deponeer.
- VERSEKERING
- PROFESSIONELE ADVIES

KOM SIEN ONS BY ONS STUDENTE
AGENTSAP OP DIE BULT EN ONS SAL U
GRAAG TE WOORD STAAN.

DAMESBLAD • DAMESBLAD • DAMESBLAD • DAMESBLAD

ASTER HOU GROOT MAKIETIE IN '78

Eerstejaar dames hoef nie te vrees dat hulle afgeskeep sal word op die Puk-kampus nie. Leenster Pasch, Die Wapad se damesbladredaktrise en ook die Aster-vertegenwoordigster op die Administratiewe Raad gesels oor haar planne met Aster vir die nuwe jaar.

Ja, toemaar 'n mens skrik jouself net die eerste week half boeglam vir al die verskillende komitees, rade en dinge. Na 'n rukkie is jy alles gewoond en weet jy van byna alles - so, hou moed.

Teen die tyd weet jy seker ook van Aster - maar beslis nie genoeg nie - en dis nou waarvoor die berig geplaas

word. Julle kan nou presies agterkom wat Aster is.

Oorsigtelik gesien is Aster daar om na die dames se belange op ons kampus om te sien. Die bestuur van Aster sal dit dus verwelkom as jy iets op die hart het en dit reg kanaliseer. Julle kan dus julle sê se deur vir ons 'n briefie te pos in Aster se

posbus by die SSR-kantoor.

Aster het self vir haar die volgende doelstellings vir 1978 gestel.

• Omdat veral ons Afrikaners nog baie van ons Victoriaanse voorouers se bloed in ons are bespeur, is die verhouding tussen die twee geslagte tot onlangs nog 'n verbode terrein gewees om op te beweeg.

En tog, as elke dame en man eerlik is, sal hulle erken dat hulle sleepsake die grootste bekommernis in hulle lewe is. Ligter gestel dat jy soms ook maar wonder oor "jou-en-hom."

Gewoonlik is daar niemand wat jou met raad kan bedien nie (behalwe Ena, en dis tog so lang affere - die briefskryfery.)

Juis hierom het Aster besluit om 'n diens te stig wat studente kan help in dié opsig. Omdat dit 'n delikate saak is, is die diens absoluut gerig op die persoon.

Daar sal dus geen massaverzamings wees nie, maar wel vergaderings in dameskoshuise waar daar kenners op die maatskaplike, verpleegkunde en sielkunde gebied julle sal toespreek en probeer om probleme op te los.

Daar sal ook 'n kliniek 'n paar aande van die week tot julle beskikking wees waar jy alleen en/of jy en hy met 'n sielkundige sal kan gaan gesels oor jou of julle probleme.

Ons sal nog die aande waarop die diens tot julle beskikking sal wees vasstel en die bekend maak. Die diens is daar om gebruik te word en maak dus asseblief daarvan gebruik.

• Ons tweede groot oogmerk is om by dames 'n groter politieke betrokkenheid te bewerkstellig.

Dit sal ons doen om eers met net 'n paar dames in elke koshuis landsake te bespreek en van dié basis al breër te werk. Ou SSR-lede en ander kenners van die politiek sal betrek word.

Derdens gaan ons die dames bekend stel aan die plaaslike kommando en julle ook motiveer om aan te sluit by die Skietklub. Vandag met sy onvoorspelbare toekoms is dit elke dame se plig om paraat te wees.

Laastens wil ek net sê Aster kan nooit slaag as jy nie saamwerk nie. So, woon die aksies by en gaan voluit. Geniet dit om 'n Puk-aster te wees, dit is 'n groot makietie.

Leenster
sport
dames
wakker



Leenster Pasch,
die Puk-dame
met groot planne.

Sy hou van kantkraagrokke en Beethoven, van Lina Spies se hartseer verse en Leonard Cohen se siniese musiek. Sy het rooi-bruin hare en sê Women's Lib het die selfstandigheidswording van die vrou so belaglik gemaak dat perspektief en agting van en vir die vrou se saak versteur is.

Sy woon in Klawerhof en sy swot B.A. met Afrikaans-Nederlands en Spraak en Vertolkingskunde as hoofvakke. Sy is Die Wapad se damesbladredaktrise en

beoog om die dames positief en subtiel te prikkel. Deur fyn spot wil sy die dames pla oor hulle onbetrokkenheid en die kleinlike koshuis-nasionalisme.

Sy wil dus geen opspraak-vekkende bekring bewerk nie, maar eerder subtiel en fyn die dames uit hulle lou sleep-swot-verstarring wek.

Sy is die voorsitster van Aster en sy beplan om:

• 'n Fondament te lê vir 'n kliniek vir geslagsvoorligting wat sielkundige, pastore, maatskaplike en regs-hulp aan dames en mans sal verleen.

• Die dames politieke te bearbei. Dit sal gedoen word deur klein groepies in koshuise bewus te maak van die sake van die dag. Meer dames sal uit hulle onverskillige slaap wakker word en dit kan dalk 'n hele paar goeie damesleiers tot gevolg hê.

• Nie weer 'n damesweek te organiseer nie.

• Die dames voor te berei vir weerbaarheid deur hulle te motiveer om moontlik by die kommando's aan te sluit.

Sy is ná die vorige SSR-verkieping gevra om in die hoedanigheid van voorsitster van Aster op die SSR te dien. Sy het dit bedank omdat sy na haar eie mening nog nie bevoeg daartoe was nie en omdat sy dan nie regtig verkies is nie. "Maar 'n mens kondisioneer jouself en ou is nie meer so 'n erg gedagte nie - miskien later eendag," sê sy.

Wat haarself betref: Sy is 20 en wil voor sy 40 jaar is by die SAUK uitkom. Sy wil nog in Parys woon en deur Suid-Afrika en Suidwes-Afrika motorfiets. Sy wil oud word. Daar is nog baie wat sy wil doen - skryf vir motivering en woema op haar speel. "So little done and yet so much to do."

Sy is Leenster Pasch.

Welkom Eerstejaars
Die winkel vir die student

HUIS EN TUIN

vir al u
benodigdhede

- PUK

CACHET APTEEK

Tomstraat 92

Tel 4201

VIR AL U APTEKERSWARE

AGENTE VIR:

Revlon
Dorothy Grey
Max Factor & Babe

OOK:

Wit jasse
Dissektees stelle
Massa stukke

Door-wees is 'n Avontuurfees

'n Door ken net avontuur. Dit hang alles van jou af. Glo dit of los dit - maar doretyd is die lekkerste, frustrerendste, mees onthoude en opwindendste tydperk in jou studente jare.

Om 'n rêrige Door te wees moet jy minstens aan 'n paar vereistes voldoen.

• Vergeet van al die nuwe rokke waaraan jy geswoeg het of wat jy by uitheemse boeties uitgesoek het. (Wees getroos - na die tweede week kan jy maar met die skeppings voor die oudames spog.)

• Moenie jou matriek-kys afsê nie. Dit is net 'n sprokie dat jou trouman al die tweede aand voor jou koshuis vir jou wag. (Maar geniet tog maar die dagdromery - daar is boosaantreklike ou menere op die Puk.)

• Gaan voluit om met soveel mede Dore en Drake kennis te maak. Moet jou tog asseblief nie beperk tot jou eie koshuis nie.

• Doretyd is die ideale tyd om al jou inhibisies te vergeet en mal te gaan. Dit maak nie saak of dit Karnaval, Intervarsity of 'n interaksie is nie. Doretyd is blommeteel-tyd, skelm duiwe dèps, nooit gaan lê as

daar gedraf of oefeninge gedoen word nie.

'n Mens wonder soms waar kry jy al die tyd en krag, maar jy kom deur. Dit word 'n soort roetine om 'n uur aanmekeer oefeninge te doen, in drie minute te bad, aan te trek en vir meer as 'n halfuur die Dorelied te sing.

O ja, nog 'n wenk. Leer die Dorelied so gou en goed as moontlik.

In doretyd is jou HK die begin en die einde - vir hulle sal julle teen 'n muur uitklim. Julle sal vir hulle die hele Potchefstroom vol spog met julle doreklere. Dit is reg so want die HK is die dore se ma's en pa's.

Moenie as jy sleg voel huis toe bel nie. Bel as dit met jou goed gaan in doretyd (as daar ooit so 'n minuut is) want jou bekommer haar regtig of haar dogter beskerm is teen al die vreemde mans en invloede.

Onthou vir oulaas om te verduur en te verdra. Maak dit vir jouself lekker en trek al jou sluise oop. Jy is dit aan jouself verskuldig.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

KARNAVAL IS AL AAN DIE GANG

Karnaval! . . . naas Intervarsity seker elke PUK se heerlikste belewenis. Vanjaar se karnaval belooft om groter, beter en lekkerder as enige vorige karnaval te wees.

Wat karnaval '78 so uniek maak, is die instelling van kapitaalskatjies. (Die PUK se eweknie van debutante). Die dames, wat laasjaar al gekies is, het fluks gevorder met die geldinsameling.

Afgesien van die kapitaalskatjies is daar nog 'n verskeidenheid disse op die karnavalspyskaart.

'n Motorfietstyden word gedurende die 3de en 4de

Maart op die Weermaggronde gehou. Motorfietse van alle groottes en geure kan inskryf en sal in afsonderlike klasse jaag. Die wedren sal in die vorm van 'n "cross-country"-tyden wees. Elke man (en dame) wat 'n saagmasjien besit moet kom jaag.

Daar word ook 'n fietstoer tydens die 3de en 4de Maart aangebied.

Twee modeparades; een vir studente (teen R2,00 per kaartjie) en een vir die gewone mense (teen R15 per kaartjie) word op die 4de Maart in Sentrale Eetsaal aangebied.

Die vertoning word deur professionele modeontwerpers/sters uit Pretoria aangebied.

Op Vrydag, die 10de Maart, bied karnaval '78 weer 'n kruising tussen die Olimpiese Spele en 'n Charlie Chaplin-vertoning aan: ons eie Mooirivierspele! Die doel van die Spele is om sport en geesvang op 'n lagwekkende wyse aan te bied. (Wie kan Kaljie Knoetse se manewales van laasjaar vergeet?) Sportmanne van sy gehalte sal genooi word om deel te neem. Die Spele sal ook weer 'n Supersport(s) man-kompetisie insluit.

Om na 'n meer gemoedelike trant terug te keer: 'n

dubbelpaaltjie kriekettoernooi en 'n sewemanrugbytoernooi gaan ook op 10 Maart plaasvind.

Die hoogtepunt van elke Karnaval is natuurlik die vlotoptog deur Potchefstroom en Klerksdorp. (Saterdag 11 Maart). Die middag vind 'n trapkarwedstryd en 'n massa ete op die kampus plaas en Alabama sit hul vertoning weer in die Totius-saal voort. (Hulle sal vanaf die Donderdagaand tot Saterdagdaand in die Totius optree).

Met hierdie voorsmakie van Karnaval behoort elke eerstejaar al hart en siel aan die werk te spring vir Karnaval, want dit allermins die tema van Karnaval vanjaar: "PUKKE KOM HELP!" (d.w.s. - DIE Pukke moet wêreldprobleme op eie, unieke, studentemanier oplos.)

Sonder julle hulp, PUKKE, kan karnaval nie 'n fees wees nie.



As die bouery jou moeg maak knip 'n mens gou-gou 'n uiltjie. Nou ja, in die veld is 'n oorpak ook 'n goeie kombes.

EERSTEJAARS GAAN KAMP-KYK UIT

Gedurende die afgelope Desember vakansie het elke voornemende eerstejaar wel deeglik kennis gemaak met die PUK. Dit het gebeur toe hy of sy op 'n sekere dag 'n dik koevert ontvang het, met omtrent die hele PUK daarin.

Jy sal seker onthou Eerstejaar, dat jy toe reeds kennis geneem het van Aktueel. Net om jou geheue te verfris, dink aan die liggaam wat verantwoordelik is vir opleiding en wat kampe reël waar mense opgelei en ingeskakel word in 'n aktiewe studentelewe.

Jy sal seker ook verder onthou dat daar van jou verwag word om jou oë en ore oop te hou indien jy belangstel. Wel, die aap word nog nie uit die mou gelaat nie, en jy moet nou begin uitkyk.

Jy's nou op die Puk en vinnig sal jy ingelyf word om later 'n PUK te kan wees. Ons weet die week wat voorlê gaan alles vinnig met jou gebeur, maar nogtans kan ons jou die versekering gee dat jy groot dinge gaan misloop as jy nie jou oë oop het nie.

Onthou die kans word gegee aan slegs een uit elke tien eerstejaars en dus sal dit die ou wees wat wil en wat bereid is om nou reeds 'n plek te verower in die wedloop van die studentelewe op die PUK.

PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTE
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875

POTCH HEALTH STUDIO

- VERSLANKING
- FIGUUROEFENINGE
- LIGGAAMSBOU
- FIKSHEIDSKLASSE
- SAUNA

* Die modernste metodes in ten volle toegeruste gimnasium

* Studente slegs R8 per maand

Uitsigarkade Die Bult
TEL: 6846



'n Potjie skaak ná 'n dag se harde werk het vir die nodige ontspanning op die hulpprojekte verskaf.

'n Helpende Hand na Bophuthatswana

Kort voor die onafhanklikheidswording van Bophuthatswana het 'n paar Pukke hulle goedgesindheid teenoor die mense van hierdie buurstaat getoon. Die onderneming was een van die twee hulpprojekte wat die Korps Veritas Vincet in die afgelope vakansie aangepak het.

Fotiek is Feeste!

Fotiek beplan vanjaar iets vir almal. Beginnersklasse sal aangebied word vir dié wat wil leer foto's ontwikkel. Vir ander wat verdere opleiding verlang, is daar gevorderde kursuse soos grafiese kusnte en die ontwikkeling van kleurfoto's.

Gereelde uitstappies sal gehou word om foto's te neem, terwyl maandelikse foto-aande ook beoog word. Teen die end van die jaar is daar 'n uitstalling, wat vanjaar somer groot beplan word.

Kom kyk wat Fotiek bied - daar is iets vir jou ook.

Op versoek van die N.G.-sendingaksie van Northam is die restourasiewerk aan 'n kerkgebou op Saulspoort aangepak. Die werk wat baie vernuf en deurstellingsvermoë verg, is met groot sukses afgehandel in die tyd van 1 1/2 week. Dit is werklik 'n prestasie as mense die onervarendheid van die groep in ag neem en die feit dat sulke werk soms 'n maand en half kan neem.

Die groep het van die plaaslike predikant ds. Ditswenu en sy kerkraad baie lof en dank ontvang. Daar word verder hulp met die bou van 'n kerkgebou in die Aprilvakansie in die vooruitsig gestel.

In onderhoude met die projekangers blyk dit dat almal die projek geniet het. Almal het getuig van die wonderlike wyse waarop hulle self ook geestelik gebou en versterk is deur hulle deelname aan die projek.

Johan Claassen Broers

Kerkstraat 92 Tomstraat 100
TEL. 2-3856

DIE LEIERS IN MANS- EN SPORTDRAG VERWELKOM ALLE NUWE PUKKE

Amptelike leweransiers van die PU vir CHO

die WAPAD

Nuwe fase
— welkom

Die nuwe jaar is reeds 'n maand oud, maar tog bly hierdie jaar vir 'n bietjie meer as 'n duisend eerstejaars 'n besondere jaar met besondere vooruitsigte. Dié jaar is anders as die ander jare en die vorige jare se nuwe voornemens, maar tog is 'n mens nie bang nie. Jy weet nou is ek groot, ek moet voortaan vir myself sorg. Die Puk se deure is oop vir nuwe studente en daarom is eerstejaars altyd welkom op die Puk-kampus. Nou is jy ook 'n student van die PU vir CHO. Nou beoefen jy christelike wetenskap en nou help jy ook bou aan 'n christelike gemeenskap.

Alles is ook nie altyd maanskyn en rose op die Puk-kampus nie. Hier is soos op enige ander plek slaggate en vangnette gespan wat 'n mens kan laat struikel en val. Daarom maak jou tuis op die Puk-kampus. Dit is nou jou Alma Mater, maar bly wakker, evalueer jouself en besluit of jy nog reg loop en die vangnette vermy. Neem mekaar se hande en help mekaar om bo uit te kom. Die jaar 1978 is die jaar waarin jy nog 'n trappie begin klim om jouself toe te rus vir die lewe.

Werk altyd met lus en ywer, maar sorg dat daar 'n balans is. Die studente-lewe het eerstejaars ook nodig, moenie bang wees nie, gryp elke kans wat jy kry en maak 'n sukses van dit wat jy aanpak.

Die Wapad heet julle hiermee hartlik welkom op die Puk-kampus. Ons hoop julle geniet dit en word goeie en lojale Pukke. Onthou net: Om 'n Puk te wees is om 'n Puk te groet.

Oriëntering

Oriëntering is iets uniek aan die Puk-kampus en dit is die tyd van 'n mens se studentejare wat die beste onthou word. Somtyds lyk dit na 'n onnodige besommernis, maar tog is hierdie besommernis nodig. Sonder oriëntering is dit moeilik om aan te pas – dit voel of 'n mens nog te vol punte en kante is om sommer net deel te wees van die Puk-massa. Met oriëntering word die hoekigheid rond geveel om sodoende te sorg dat nuwelinge sonder moeite deel word van die Puk-gemeenskap.


Daar is geen rede tot kommer dat 'n mens mishandel word met oriëntering nie. Die Sentrale Studenteraad en Huiskomitees het 'n hele week koppe bymekaar gesit sodat julle met 'n goed uitgewerkte program kennis kan maak met die studente-lewe. Alles wat dus met julle gaan gebeur is goed uitgewerk sodat julle net voordeel daaruit kan put.

Al raad om die oriëntering sonder trane deur te maak is moedhou, kophou en bekhou. Julle is amper volwaardige Pukke. Sterkte!

Goeie wense

Die Wapad wens hiermee die rektor en sy gesin, die personeel, die Huiskomitees en Studenteraad 'n voorspoedige nuwe termyn toe. Die jaar 1978 is besonders in die sin dat dit die eerste volle jaar sal wees waar prof. Tjaart die leisels van die begin van die jaar af vashou. Ons wens hom alle sterkte toe.

Aan die Huiskomitees wens ons ook alle sterkte toe. Daar rus 'n groot verantwoordelijkheid op julle skouers. Beter as 'n mens se beste kan 'n mens seker nie lewer nie, maar streef altyd na die beste en miskien nog beter as die beste.



Hit die Woord

DIE LAGTYD VAN DIE JONGELING

Spreuke 15:13(a): 'n Vrolike hart maak die aangesig bly . . .

Ag hoe lekker kan die wêreld rondom ons soms lag en baljaar, 'n Vrolike wêreld . . . ?

Kyk ons egter dieper na die hart van daardie wêreld, dan merk ons agter daardie vrolikheid 'n diepe neerslagtigheid, 'n donker wanhoop, 'n knaende vrees.

Agter die oppervlakkige vrolikheid is daar – die traan in die oog; die frons op die voorkop; geen blye vonkel in die oog nie.

En die raad van Salomo is nie kosmetiese chirurgie nie, want dit is nie die gesig wat die probleem is nie, maar die hart. As die hart waarlik reg is, dan moet dit buite op die gesig wys. Die gesig is die uithangbord van die hart.

In die hart van die Christen kan tog geen verdriet wees nie, maar blydschap. Ons glo tog in die ware Evangelie en evangelie beteken blye boodskap. Die blye boodskap dat God die Vader ons in Christus as sy kinders aangeneem het. Dat Hy ons elke oomblik onderhou en regeer. Dat Hy ons troos met die nuwe lewe in Christus – 'n lewe van ewige blydschap en vreugde. Juis daarom is die vrolike aangesig so eg-ele aan die Christen want in die hart is daar ewige blydschap.

Weet u – vrolikheid in die hart en blydschap op die gesig is ook 'n eis van God.

Fil. 4:4 – verbly julle altyd in die Here.

1. Thes. 5:16 – wees altyd deur bly.

Ps. 100:2 – Dien die Here met blydschap.

Die Here eis blydschap van ons, maar ook dit gee Hy aan ons. In Gal. 5 is blydschap een van die vrugte van die werksaamheid van die Heilige Gees.

Dit is eintlik maar nog die begin van 1978. Die eerste Wapad – die begin van nog 'n akademiese jaar. Vir baie is dit die begin van hulle studente-lewe.

Studentelewe die lagtyd van die jongeling. 'n Kampus vol blye gesigte. Dit is mooi; dit moet ook.

Maar onthou.

Jy wat jou blydschap in die Here anker.

Jy wat jou hart voed met die blye evangelie van Gods Woord.

Vir jou is dit nie valse vreugde nie, maar ware vreugde.

Jy kan gehoor gee aan die wekroep van Prediker: (Pred. 11:9,10)

„Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid . . .”

Studentelewe – die lagtyd van die jongeling. Advies vir jou: 'n vrolike hart maak die aangesig bly. 'n Hart waarin die Heilige Gees woning gemaak het. – Ds. S.J. van der Walt.

Wapad Redaksie

HOOFREDAKTEUR: Frikkie Odendaal; Makouvlei 22229/23654

ASSISTENT HOOFREDAKTEUR: Jan Kroeze; Klooster 3468/22151/22246

REDAKTEUR RADE EN INTER-UNIVERSITÊR: Richard du Rand; Dorp 6038

NUUSREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915

REDAKTEUR MANSKOSHUISE: Lourens du Toit; Caput 22371/3375/3376

REDAKTRISE DAMESKOSHUISE: Diana Roestor; Vergeet-my-nie 5511/5512

SPORTREDAKTEUR: Nico van der Westhuizen; Hombré 7996/23915

SPORTREDAKTRISE: Lolla Claasen; Dorp 6017

DAMESBLADREDAKTRISE: Leenster Pasch; Vergeet-my-nie 5511/5512

KUNSREDAKTRISE: Millie d'Assonville; Dorp 6574

TEGNIËSE REDAKTEUR: Christo Dippenaar; Caput 22371/3375/3376

REDAKTEUR VAALDRIEHOEK: Vakant

FOTOREDAKTEUR: Jaco Pretorius; Hombré 7996/23915


SEKRETARESSE: Marlian Kritzing; Vergeet-my-nie 5511/5512

PENNINGSMEESTER: Paul Slot; Dorp 23429

SPOTPRENTE: Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376

ADVERTENSIEBESTUURDER: Jurjen Suurd; Buks Steenkamp; Liberalia 22129

gebou
die Administrasiegebou
die en Sprakleer en
die Studentesentrum
gebou
gebou is tans hier gelê
die
die Chemiegebou
die en Farmakologie
die Statistiek en
die Wetenskapgebou
die gebou vir Biologiese
die
die
die Departement
gebou
gebou
die
die Kunstgebou
die Internasionale
die vir Klein
die
die Fakulteit



WAT IS DIE ASB?

Die A.S.B. is 'n landwye studenteorganisasie wat studenterade saambind tot voordeel van die studente. Die A.S.B. se lede is dus die studente van die kampusse wat geaffilieer is by die A.S.B.

Waarom is ons kampus lede van die A.S.B.? Ons is Afrikaanse studente wat nie los wil staan van die res van

Suid-Afrika se Afrikaanse studente nie en is dus deur die A.S.B. saamgesnoer.

Deur die A.S.B. gebruik

Die Redakteur

Namens die Dameshokkieklub van die PU vir CHO, sal ek dit waardeer as u die volgende brief in die Wapad plaas.

Vir die afgelope drie jaar is ons hokkiespan die winners van die Wes-Transvaalse liga. Hierdie prestasie hang elke jaar deels af van die mooi samewerking en deelname van eerstejaars.

Ons eerste twee spanne speel eerste liga en ons het 1977 die eerste en tweede plekke in die liga verower. Elke koshuis het ook sy eie span en verlede jaar het ons drie ligas vir die koshuise gehad. Vergeet My Nie was die winners van die Superliga.

Om vir die Pukke hokkie te speel is voorwaar baie aangenaam. Daar is twee intervarsities, 'n SAU toernooi, afrigtingskursusse en baie ander feeste.

Eerstejaars, kom en gooi gerus julle gewig in by die Dameshokkieklub.

A. de Korte
Dorp.

ons die reg om op studentevlak dit wat eie aan ons is, uit te bou. Hier ontwikkel ons ons politieke denke, stel ons akademiese standpunt oor enige saak, deel aan die moontlikheid tot sinvolle gesprek met Engelstalige, Swart en ander studente in ons land deur die A.S.B.-Hoofbestuur (wat bestaan uit die voorsitter van elke geaffilieerde studenteraad of vereniging), lewer diens aan die lede van die A.S.B. (dit is u!) deur praktiese kursusse, een kunsfees per jaar en ander voordele.

Baie duidelik moet ons stel dat die grondslag van die A.S.B. die Bybel is. Sonder om te dweep, wil ons die riglyne uit die Woord van God voor oë hou.

Wat kan u bydra tot die A.S.B.?

Neem aktief deel aan die kursusse en projekte op ons kampus - dit is alles A.S.B. projekte. Gee u mening daarvoor aan die studenteraad en help so om dit te verbeter. Neem kennis van die besluite wat die A.S.B. Hoofbestuur mag neem - dit sal gereeld in die Wapad verskyn.

Stel u standpunt by die jaarlikse A.S.B. kongres - dis hier waar die A.S.B. se stem die duidelikste gehoor word.

Kultuurraad vol aksie

Die Kultuurraad beplan weer groot feeste vir 1978. Sommer vroeg-vroeg sal eerstejaars al die geleentheid kry om te sien wat die mense doen.

Buiten die Senior program-aand wat op 8 en 9 Februarie aangebied word, sal hulle ook verantwoordelik wees vir die reëlins van die ontheffingsdinee.

Teen die einde van Februarie stal die onderliggame van die Kultuurraad in die Totiusaal uit. Die doel hiermee is om die verenigings se werksaamhede bekend te stel en belangstellendes te trek.

Asof dit nie genoeg vir Februarie is nie beplan hulle ook 'n groot Vrugtefees. Dit sal op die Fanie du Toit-sportterrein gehou word.

Die Kultuurraad beoog ook

om vanjaar meer na Johannesburg te gaan om opvoerings in die stad by te woon. Die busse sal dan vroegdag vertrek sodat die Pukke Johannesburg behoorlik op horings kan neem.

Nuwe projekte wat die raad in 1978 gaan aanpak is onder andere 'n eerstejaarskonsert, Republiekfeesvieringe, 'n inter-skaak kompetisie en 'n A.G. Visser-fees.

Die Kultuurraad staan onder leiding van Fanie Zaayman (voors.), Jan Botha (o/voors.), Ansie Minnaar (sekr.) en Jannie van Deventer (penningmeester).

PUK KRY 'N VISE-REKTOR

Die Puk het 'n nuwe Vise-rektor ryker geword.

Die Raad van die Universiteit het prof. J.S. du Plessis benoem tot Vise-rektor van die Universiteit.

Prof. Du Plessis is al 'n ou bekende op Potchefstroom. Voor sy aanstelling as Vise-rektor was hy hoof van die Departement Geskiedenis en hy was ook vir die afgelope ses jaar Dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Die taak van die nuwe Vise-rektor is hoofsaaklik om

die rektor, prof. Tjaart van der Walt, te help met sy werk ten einde 'n beter kanaal wat meer "verkeer" kan hanteer daar te stel.



Prof. J.S. du Plessis


Amptelike Uitnodiging

As jy jou ma mis en jou meisie wil nie, kom dan gerus na:

BULT DROOGSKOONMAKERS

Vir die flinkste diens

- 80 MINUTE VIR DROOGSKOONMAAK
- 1/2 DAG VIR WAS-EN-STRYK



"Ek vaar beter by Nedbank."

"Nedbank is my soort bank-doeltreffend, flink en vooruitstrewend."

"Op 'n dag het ek besluit ek het 'n bank nodig, een wat pas by my manier van doen. Ek het hulle een vir een deurgekyk. En toe kies ek 'n bank wat so Suid-Afrikaans is soos ek. Nedbank."

"Hul 8%-spaarrekening is loshande die beste. Nedbank se tjekboek gee jou beter diens waar jy ookal gaan. En ek kan ook 'n Studentelening kry as ek dit nodig het. Dan's daar die Nedbank Passport-tydskrif, gratis elke maand. En die personeel by Nedbank is my soort mense. Ondernemend, insiklik en baie bekwaam."

"Wat my betref, kom g'n bank naby Nedbank nie."



NEDBANK

Nedbank Beperk. Geregtigde Handelsbank.
DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS.

KOOR TOER DEUR KAAP

Die koor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is inderdaad 'n unieke instelling wat christen-jongmense die geleentheid kry om pragtige musiek self te vertolk.

Daar word groot dinge vir 1978 beplan. 'n Ontspannings- en kennismakingskamp waartydens daar ook 'n bietjie gees gebou sal word, word vir 24 tot 25 Februarie beplan. Verdere oefenkampe sal op 28 tot 30 April asook tussen 16 en 18 Junie gehou word.


Dit is alles deel van die voorbereiding vir die koor se toer deur die Kaap tussen 29 Junie tot 10 Julie. Plekke wat besoek sal word sluit onder andere in: Hartenbos, Stellenbosch, Belville, Paarl en Saldanha.

Die man aan die roer van sake by die koor is Awie van

Wyk, dosent in skoolmusiek aan die PU. Die koor het in 1976 en 1977 onder sy bekwame leiding groot hoogtes bereik. Die resesente het deurgaans gunstige kommentaar oor die koor gelewer.

Die koor se program bestaan uit 'n deel gewyde werke wat afgewissel word met ligte volksmusiek.

'n Gulde geleentheid om die koor te sien is op 8 en 9 Januarie tydens die Senior-programmaande. Hou plakkaat vir oudisies by die koshuise en op die kampusse dop.



Die ingang na die Konservatorium is in Van der Hoffweg en is net langs die Fanie du Toit sportgronde geleë.

Foto: Fotokuns

KONSERVATORIUM SE AANBIEDINGE VIR '78

Op die musiekfront beloof 1978 groot dinge!

Soos in die verlede bied die Konservatorium jaarliks twee konsertreeks aan naamlik die Collegium Musi-

cum konsertreeks waar tydens ons eie musici optree en die Meesterskonserte waartydens beroemde musici van buite optree.

Een van vanjaar se hoogte-

punte in die Collegium Musicum konserte is sekerlik die Brahms program wat in Maartmaand aangebied word. In die program tree onder andere Werner Nel, Rina Hugo asook Minette Joubert op. Ons eie tjellis Human Coetzee, wat reeds op sy vroeë ouderdom in die buiteland bekendheid verwerf het, word ook begelei deur sy vader Prof. Hennie Coetzee tydens die program.

Om die inwyding van die nuwe orrel in die Konservatorium te vier, word daar 'n reeks orrel uitvoerings deur beroemde orreliste van buite beplan.

Prof. Pieter de Villiers en Prof. Hennie Coetzee sal ook twee afsonderlike Klavierprogramme aanbied.

Meesterskonserte:

Gerda Hartman, 'n Suid-Afrikaanse sopraan wat onder andere in Frankryk gestudeer het, en op die oomblik in die buiteland meer bekend is as in Suid-Afrika is sorg vir een van die Meesterskonserte in 1978.

Ander hoogtepunte is die optrede van die Violis Pieter Daniel, Manuel Escarsio, een van die finaliste vir verlede jaar se SAUK Musiekprys en die Cantare Dameskoor van Pretoria onder leiding van Helena Strauss, wat 'n program van Suid-Afrikaanse Koormusiek sal aanbied.

Al die Konserte vind in die Konservatorium plaas en seisoenkaartjies kan teen 'n spesiale prys by die Konservatorium bekom word.

BARTIE JUWELIERS

TOMSTRAAT 98 TEL: 6597
POTCHEFSTROOM

vir
**Horlosieherstelwerk en
Algemene Juweliersware**

ONS „SKIET" OOK GAATJIES VIR OORBELLE EN HOU 'N VERSKEIDENHEID OORBELLE TEEN DIE BILLIKSTE PRYSE. KOM BESOEK ONS GERUS LANGS DIE VOLKSKAS BANK - UITSIG-PARKADE

Tops sê:

'n Spesiale welkom aan alle eerstejaars.

Kom besigtig ons groot verskeidenheid afslag-items.

- Skoonheidsmiddels
- Toiletware
- Geskenke
- Erdeware (pottery)
- Rekenaars
- Wit oorjasse
- Gesondheidskos

Ons sien uit om julle te ontmoet

**Tops-studente se afslagwinkel
Uitsig-deurloop, Bult.**



*Prof. Pieter de Villiers (voor) en Werner Nel is twee van die musici wat vanjaar in programme van die konservatorium sal optree.

Tomstraat 84

TELEFOON 6660



**Wesvalia
Boekhandel**

Posbus 20060
2520 Potchefstroom

Studie boeke en skryfbenodigdhede

TELADY

Gouwsstraat 7 Potchefstroom
Foon 5851

"HYPER STORE"

REKENAARS

SHARP EL 580 (Wetenskaplike funksies)	R25,95
SHARP EL 5800 (20 Funksies)	R31,95
PARKER BALPUNTPENNE	R 1,50
MOTORRADIOS VANAF	R29,95
MOTORTOEBEHORE OM VAN TE KIES	
WEKKERS VANAF	R 4,75

**KOM BESIGTIG ONS REEKS
DRARADIO'S EN HOËTROUSTELLE**

TELADY

WAAR ALLES GOEDKOPER IS

KOSHUISLEIERS VIR 1978



Carin van Wyk
Heide
Foto: Fotokuns



Magdel van der Walt
Klawerhof
Foto: Fotokuns



Corrie Kraamwinkel
Over de Voor
Foto: Fotokuns



Karen Grobler
Wanda
Foto: Fotokuns



Johan du Toit
Villagers
Foto: Fotokuns



Anita du Plooy
Oosterhof
Foto: Fotokuns



Walter Brandt
Uitspan



Annemarie Kruger
Vergeet My Nie
Foto: Fotokuns



Dirk Hansen
Amajuba
Foto: Fotokuns




Ilsa Basson
Wag 'n Bietjie
Foto: Fotokuns



Ian Ferreira
Bailie Park
Foto: Fotokuns



Venita Venter
Karlien



Gert Breedt
Caput



Cathy Bouwer
De Klerkhuis



Dana van Zyl
Thaba Jāh



Abrie Bruwer
Klooster



Barry van Rensburg
Heimat



Ansie Scholtz
Dorp

KOSHUISE HOU FEES

Twee koshuise op die kampus vier vanjaar fees.
As 'n mens so kyk na die reëlings lyk dit of dit twee bulfeeste gaan wees. Albei is terselfdertyd ook reënies vir al die oud-inwoners.
Uitspan is vanjaar 30 jaar oud en Makouvlei is 25 jaar oud. Die feeste word vir vroeg in die jaar beplan daar word baie oud-inwoners by die feeste verwag.


Volkskas praat die taal van kundiges

Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.
Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê: want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.
Daarom praat Volkskas saam . . . in 'n tradisie van diens en kundigheid.
Kom praat met die bank wat verstaan.



PUKKE KAN NOU LEER KORREL!

Persone wat belangstel om te leer hoe om vuurwapens te hanteer, hier is julle kans.
Daar is nou 'n skietklub vir studente gestig. Die klub bied die geleentheid vir studente om met veiligheid en selfversekerdheid 'n vuurwapen te hanteer.
Almal wat belangstel moet Dinsdag, 21 Februarie, om 13h15 in kamer 304 van die biblioteek bymekaar kom. Verdere besonderhede sal dan verstrekk word.



SPORT
WAPENS
AMMUNISIE:
GAME
KOSPRYS
Isotoniese koeldrank
nou teen slegs vir
studente 65c vir 4 liter !!!
Santam Arkade
Tel: 3361 3361

OOM PIET HET 'N SPORTSOORT VIR JOU

'n Kort woord van verwelkoming namens die Sportinstituut tot die eerstejaars wat aan sport gaan deelneem. Ons hoop dit gaan sommer almal wees, want vir elkeen is daar geleentheid met voldoende geriewe en afrigters.

Sport is een van die belangrikste fasette van die studentelewe. Om 'n gebalanseerde leefwyse te voer is dit nodig om aan sport deel te neem. Ontspanning, fiksheid en buiteligaktiwiteite is so noodsaaklik vir 'n

gesonde liggaam en 'n gesonde gees.

Dan praat ons nog nie eens van die groot vormingswaarde wat sport het nie. Om vir jou span en jou Alma Mater deel te neem en te presteer gee soveel genoegdoening, dat die student wat nie hieraan deel het nie soveel armer deur sy universiteitsloopbaan gaan as een wat aktief daarvoor plek inruim in sy of haar program.

Dink maar aan die opwindende en opgewondenheid wat gepaard gaan met intervarsity. Vanjaar gaan daar weer twee sulke geleenthede wees: teen R A U op 20 Mei te Potchefstroom en teen die Kovsies op 19 Augustus in Bloemfontein. Verder is daar die Suid-Afrikaanse Universiteite toernooie in baie van die sportsoorte en plaaslike ligawedstryde. Voeg daarby nog die baie opwindende interkoshuis-kompetisies - dan is dit somme baie lekker om aan sport deel te neem.

Onder die sportsoorte is daar te kies en te keur. Elkeen kies vir hom of haar 'n somer- en 'n wintersport en skakel daarby in. Die volgende sportsoorte kan

aan die universiteit beoefen word:

Atletiek, Skerm, Judo, Korfbal, Kano, Gimnastiek, Muurbal, Gewigoptel, Netbal, Pluimbal, Rugby, Stoei, Tennis, Dameshokkie, Valskerm, Fietsry, Swem, Karate, Krieket, Onderwater sport, Ringtennis, Landloop, Sokker, Trapkar, Manshokkie, Ontspanningsgimnastiek, Gholf en Tafeltennis.

My beste wense vir 'n aangename en 'n suksesvolle jaar vol hoogtepunte. Laat ons die Kovsies en die Raunkies weer so onder stof loop soos verlede jaar.

Sportmanne en sportvroue is altyd gelukkige mense en wanneer die oorwinnings behaal word is die vreugde dubbel so groot.

Kom ons maak vanjaar net so 'n groot sportjaar soos dié van verlede jaar en laat ware sportmangees altyd hoogty vier!

Piet derde keer Sportman

Die sportman op die Puk met die indrukwekkendste prestasies is ongetwyfeld Piet Meyer.

Piet hou al die Suid-Afrikaanse staprekords waaronder:

- 3000m 12 min. 7,5 sek.
- 5000m 20 min. 56,2 sek.
- 10000m 43 min. 56 sek.
- 20000m 1 uur 28 min. 18 sek. tel.

Al hierdie tye gaan verder as slegs Suid-Afrikaanse rekords en is ook wêreldklas tye. Met die 5000m en 20000m is Piet onder die eerste 15 op die wêreldranglys.

Piet wat sedert 1973 op die Puk studeer kwalifiseer hierdie jaar as onderwyser.

Piet is in 1977 aangewys as die Puk se sportman van die jaar wat vir hom 'n hoogtepunt in sy loopbaan is. Saam met Fanie van Zijl en Willie Coetzee het hierdie eer hom

reeds drie maal te beurt geval.

Hoewel Piet nou ietwat ongemotiveerd is, is hy tog 'n persoon wat hard kan werk en in die toekoms kan daar nog baie van hom verwag word.



WIND VERRAS TENNISSPEELERS

Die Puk-tennispan het die afgelope vakansie en spyte van 'n sterk wind in die Baai tog rekenskap van hulleself gegee.

'n Mans sowel as 'n damespan het die Puk verteenwoordig op die SAU-toernooi wat tussen 2 en 7 Desember in Port Elizabeth gehou is, is deur Maties se Mans en damesspanne gewen.

Die Pukmans wat derde gekeur was het vyfde geëindig en die damesspan wat agste gekeur was het uiteindelik tiende geëindig. Dit was die eerste SAU-toernooi waaraan die Pukdames deelgeneem het en nie een wedstryd is maklik afgestaan nie.

Die kwaai wind in die Baai het waarskynlik albei Pukspanne verras want teen die einde van die week was dit asof hulle aan die toestande gewoon geraak het en reggeruk het. As die toernooi in die binneland gehou is kon die uitslag moontlik anders gewees het.

Die toernooi was gekenmerk deur 'n deurgaans hoë standaard. Fanie Campher van die Puk het homself bewys en is gekies as nommer twee speler van die SAU-mansspan. Springbok tennisspeler Ryno Segers van Maties het hom verhoed om die eerste posisie te beklee.

Met die nuwe spelers en speelsters wat die Puk vanjaar kry behoort 1978 'n groot tennisjaar te wees. Johan (pikkewyn) Malan en Charles Franks gaan moontlik help met die afrigting. 'n Dametjie wat al oorweeg is vir die onder agtien dameskeurlis, mej. H. Vink, sal moontlik ook 'n handjie bysit.

Elgro Hotel

WOLMARANSSTRAAT TEL. 5304

KONTIKI STEAKHOUSE

TEL. 5304

Gewildste vergaderplek vir studente in Potchefstroom

Pukke kom sleep hierdie jaar weer by ons Dameskroeg

ELGRO BUITEVERKOPE

LOMBARDSTRAAT TEL 5122

Skakel vir gratis aflewering of maak gebruik van ons Inrydiens.

OM 'N
PUK TE
WEES IS
OM 'N
PUK TE
GROET

MOTORISTE

Kry elke week 'n GRATIS

WAS EN WAKS OP U MOTOR
ONDERSTEUN U EIE DIENSSTASIE

AS STUDENTE IS U GERECHTIG OP SPESIALE
TARIEWE BY

HAROLD'S AUTO DIENSSTASIE
en
PAT'S MOTORS

Kerkstraat

Potchefstroom

Sportkorrels

SPORT 1978

1977 was een van die beste sportjare wat die Puk sedert sy legendariese bestaan gehad het. So het ons byvoorbeeld verlede jaar Intervarsity's teen R.A.U., die Universiteit van Natal en U.O.V.S., gehad en by al drie met eer uit die stryd getree.

Nou egter lê 1978 voor. Baie welkom aan alle eerstejaars en vernameklik aan al die sportmanne en sportvroue wat gaan help om 1978 nog 'n groter sportjaar te maak.

Van oor die hele land kom sportsterre wat reeds groot roem in hul sportsoorte gemaak het.

ATLETIEK

Petro van Rensburg - 100/200m

Allison Mare - S.A. hekkieskampioen

Amanda Uys - 800/1500m
Everhardus Wiehahn - S.A. rekordhouer in die paalspring

RUGBY

Hier weet ons van verskeie spelers wat reeds hul provinsies in die Cravenweek verteenwoordig het byvoorbeeld, Campbell, Willem Smit en Zillen Roos.

KRIEKET

Zillen Roos
Jane Fistenburg

GIMNASTIEK

Charlene Geyser
Susarah Haasbroek

Kom eerstejaars! Kom wys ons 'n bietjie op die eerstejaarsbyeenkoms wat in julle steek.

SPORTVROU VAN DIE JAAR

Die naam Alta Stander is alombekend in Suid-Afrika.

Sy is een van die min atlete wat die geleentheid gehad het om in die buiteland te gaan deelneem. Gedurende 1975 was sy lid van die Suid-Afrikaanse skolespan en het die span in die 400m en 800m onderskeidelik verteenwoordig.

Sedertdien het sy baie verbeter onder die waaksame oog van haar afrigter Mnr. Hennie Botha. Sy spog in die 800m met 'n persoonlike beste tyd van 2 min. 6,1 sek. en het onder andere al afgereken met spogatlete soos Aneen de Jager.

Alta is tans 'n H.O.D. student in haar 3de jaar en beoog om sommer nog baie van haar te laat hoor.

Die hoogtepunt in haar sportloopbaan tot dusver is dat sy aangewys is as die Puk se sportvrou van die jaar vir 1977.

Haar grootste ideaal is om die 800m nog onder die 2 min. te hardloop. Met haar deursettingsvermoë en harde oefenprogram is dit binne haar vermoë en wens ons as Pukke haar alle sterkte toe vir die nuwe atletiekseisoen wat voorlê.